# Oesnuus
# November 2022

***"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld." Handelinge 1:8***

**GETUIENIS IN PLAASLIKE GEMEENSKAP (Jerusalem)**


2022 het vir lidmate van die gemeente verskeie uitreik geleenthede gebied om ons medemens asook die Heer se skepping met die evangelie en versorging te bereik.

In hierdie uitgawe fokus ons op:

1. **Die "Opruim" aksie van die gemeente.**



Die gemeente se **Opruim** aksie het ten doel om, hier waar ons woon, die skepping van die Heer skoon te maak en te versorg. In die proses word ook gehelp om onder andere die effek van Covid op veral werklose mense te verlig. Die projek word gedoen in samewerking met twee gemeentes van die NG Kerk in Afrika. Een maal per maand kom 8 tot 9 van die lidmate van die NGKA en tel rommel op in die oop areas in Langenhovenpark.



Ongeveer 60 tot 70 swart sakke vol rommel word tydens een skoonmaak geleentheid opgetel en uit die omgewing verwyder. Pick 'n Pay borg vir elkeen wat betrokke is 'n middagete. Die gemeente vergoed die helpers met 'n kospakkie en R150. Lidmate word aangemoedig om

hierdie verdienstelike projek te ondersteun. Dit kan geskied by wyse van elektroniese inbetalings (merk dit asseblief “Opruim”) of inbetalings by die kerkkantoor. Groot dank aan almal wat reeds by hierdie uiters belangrike en noodsaaklike projek betrokke is. Vir enige navrae, kontak ds Riaan Stander.

## 2. **Noodspens van die gemeente**



Met groot dank aan gemeentelede word elke maand meer as 30 kospakkies gemaak en deur die leraars en gemeentelede na verskeie plekke van nood versprei. Vanuit die noodspens word ook hulp verleen aan Huis Nederig en Huis Amor. Die moontlikheid word ook ondersoek om hulp te verleen aan Huis van Omgee.

Groot dank aan Pick ‘n Pay Towers wat gereeld aan die gemeente geleentheid gee om pannekoek te bak en te verkoop asook aan gemeentelede wat bestanddele skenk en bydraes tot die Noodspens maak.

*Foto: Ds. Leon, leraar van die gemeente, besig om sy vaardighede te demonstreer!*

## 3. **Naaldwerkklasse**

Voor COVID was ongeveer 20 leerders en 5 naaldwerkdames by die klasse betrokke. Tydens COVID het van ons leerders afgetree en uit Bloemfontein verhuis, sommige is oorlede en sommige het hul werk verloor en kan nie meer die naaldwerkklasse bywoon nie. 2022 het begin met 9 huishulp leerders, 3 nuwe dames wat betrokke geraak het en 2 van die vorige naaldwerkdames. Die nuwe naaldwerkdames is met ope arms ontvang, want hulle het nuwe idees, -tegnieke en -vertakkings gebring. ’n Afsluitingsfunksie word op 24 November 2022 gehou. Graag wil ons die gemeente bedank vir onbaatsugtige bydraes wat ons in staat stel om hierdie aksie te kan bedryf.

Ons sien uit na 2023. Alle voornemende leerders word uitgenooi om volgende jaar op Donderdae vanaf 14h30 by Lokaal 1 van die Gemeentesentrum aan te meld. Die begindatum sal in 2023 in die Omgee Nuus publiseer word.

## 4. **Huis Nederig**

’n Omgeegroep van die gemeente is steeds betrokke by Huis Nederig in Bloemfontein. ‘n Heerlike sop en broodjie kuierdag is onlangs saam met die inwoners deurgebring. Daar word

beplan om op 29 November 2022 die jaar af te sluit met ‘n kerstee en ‘n klein geskenkie vir elke inwoner. Herstelwerk by die huis is deur Omgeegroeplede gedoen. Ons dank die Here vir die geleentheid wat Hy gee om gereeld daar te kuier en Sy liefde met hulle te deel.

## GETUIENIS IN DIE GROTER BLOEMFONTEIN (Judea)

### 1. Dr Böhmer Voedingskema



Dr Böhmer skool voorsien daagliks aan ongeveer 80 kinders ontbyt en middagetes. Die voedingskema het begin as 'n broodjie projek, maar die behoefte groei daagliks en daar is besluit om met behulp van die skoolkoshuis en vrywillige bydraes die projek uit te brei tot 'n gekookte bord kos vir die behoeftige kinders. Die projek word deur die skool se maatskaplike werker en die maatskaplike werker van Engo bestuur. Gemeentes wat by die projek betrokke is kry kwartaalliks die geleentheid om d.m.v. die insameling van nie bederfbare produkte bydraes te maak. Langenhovenpark gemeente het gedurende 2022 vier keer bygedra tot die projek. Meer inligting oor die projek kan verkry word by Mev. Belinda Rossouw Tel: 0723689913

### 2. VCSV

Lulu vd Berg vertel soos volg: COVID-19 en die inpak van die virus het die VCSV op elke denkbare manier baie nadelig geraak! Tydens die pandemie kon GEEN kampe aangebied word of persone ontvang word wat van die kampterrein wou gebruik maak nie.

VCSV | UCSA
est. 1896
Verander Lewens Transforming Lives

In die Vrystaat het die VCSV 2 bene waarop gefokus word – ‘n besigheidsbeen (kampterrein) en ’n bedieningsbeen (skole waarin gewerk word). Die besigheidsbeen het al die jare daarin geslaag om die bedieningsbeen te dra. Met Covid kon die besigheidsbeen die bedieningsbeen nie verder ondersteun nie omrede genoegsame inkomste nie gegenereer kon word nie. Die bediening is met baie geloof aan die gang gehou. Ten spyte van alles HET DIE HERE GESORG! Ons kon voortgaan met dit wat ons kon doen en julle as gemeente was deel daarvan. Julle bydraes, ondersteuning en gebede het ons gedra – en doen steeds so! Ons is dankbaar vir kampe wat nou weer kan

plaasvind en ook die kampterrein wat weer besprekings kry. ONS HET HOOP – WANT ONS HOOP IS IN HOM WAT AL VIR 126 JAAR VIR HIERDIE ORGANISASIE SORG!

**GETUIENIS IN AFRIKA (Samaria)**

**DEGNOS (Diens en Getuienis in die Noordoos streek van Namibië)**

Andries Gous en sy vrou Tracy het gedurende Oktober en November 2022 Suid-Afrikaanse gemeentes besoek wat hul werk in Namibië ondersteun. Op 6 November 2022 het hulle die NG Gemeente Langenhovenpark besoek. Tydens die erediens het Andries die gemeente, wat oor baie jare betrokke is by die uitdra van die evangelie in die Noordoostelike streek van Namibië, ingelig oor die uitbreiding van die bediening van die evangelie. Groot dank en waardering is uitgespreek vir die gemeente se volgehoue ondersteuning! Dit is duidelik dat die Heer die bediening wat daar plaasvind, seën! Die foto vertel die verhaal!




**GETUIENIS TOT IN DIE VERSTE UITHOEKE VAN DIE AARDE**

**Wêreldsending – Medewerkers Gerrie en Arlene Coetzee vertel oor Nepal:**

Nepal is hoofsaaklik geleë in die Himalaya berge. Dit is 'n land met multi-etniese, veeltalige groepe mense. Die Hindo geloof is die grootse en daar is slegs 1,4% Christene. Presentasie-gewys het Nepal die grootste populasie van Hindus in die wêreld. Nepali is die amptelike taal. Die samelewing is verdeel in verskillende klasse/vlakke Die meerderheid van die Christene kom uit die lae klas en dit is moeilik om die hoër klasse te bereik. Baie Nepali's gaan oorsee a.g.v. werkloosheid. Bid vir die wat oorsee gaan werk, dat hulle die Here daar sal ontmoet waar hulle geen familiedruk ervaar nie. Daar is steeds 258 onbereikte groepe in Nepal!

